**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**OOS-KAAPSE AFDELING** **Saaknommer: 884/2007**

**In die aangeleentheid tussen**

| | |
|---|---|
| **CORNELIUS GIDEON KOEN N.O.** | **Eerste Eiser** |
| **LUCIA SOPHIA KOEN N.O.** | **Tweede Eiseres** |
| **en** | |
| **JACOBUS FREDERICKUS VILJOEN N.O.** | **Eerste Verweerder** |
| **SILVIA ANNELEA VILJOEN N.O.** | **Tweede Verweerderes** |
| **JACOBUS CAROLUS LODEWIKUS COETZEE N.O.** | **Derde Verweerder** |
| **ESTELLE COETZEE N.O.** | **Vierde Verweerderes** |

---

**UITSPRAAK**

---

**Froneman R.**

[1] Die eisers (namens die Koen Trust) vra vir summiere vonnis teen die verweerders (verteenwoordigers in onderskeie hoedanighede van die Middelfontein, Smangaliso en Thornhill Trusts). By die aanhoor van argument is ek meegedeel dat die grootste gedeelte van die kapitale bedrag in dispuut op 31 Augustus 2007 aan die Koen Trust betaal is, maar hierdie betaling het nie geskied op 'n aanvaarding van die grondslag waarop die Koen Trust die gelde oorspronklik ge-eis het nie. Gevolglik, hoewel die

bedrae tans ter sprake verander het, bly die regskwessies wat beslis moet word dieselfde.

[2] Die drie trusts het drie ooreenkomste met mekaar gesluit. Dit is gemeensaak dat hierdie drie ooreenkomste onlosmaaklik verbind is aan mekaar en dat hulle weens die verloop van gebeure gekanselleer is. Kortliks opgesom kom die effek van die ooreenkomste op die volgende neer:

Die Koen Trust en die Thornhill Trust het elkeen 'n derde aandeel van die Middelfontein Trust, as alleen begunstigde van die Smangaliso Trust, bekom, waarvoor elkeen 'n vasgestelde bedrag oor 'n tydperk moes betaal (ingevolge 'die sessie-ooreenkoms'). Elkeen van die drie bevoordeeldes sou dan een derde van die ontwikkelingskoste van die Smangaliso Trust se grond bydra ( 'die ontwikkelingsooreenkoms'), asook 'n verdere een derde van die bedryfskoste verbonde aan die ontwikkeling van 'n bestaande wildsplaas op die grond ('die bedryfsooreenkoms').

Die Koen Trust het verskeie betalings gemaak ingevolge die ooreenkomste, maar beweer in die eisers se besonderhede van vordering dat die ooreenkomste gekanselleer is weens die repudiasie van die ooreenkomste deur die ander trusts. Die aansoek om summiere vonnis is gebaseer daarop dat die kansellasie van die ooreenkomste die regsgevolg meebring dat die prestasie wat die eisers gelewer het aan hulle teruggelewer moet word, teen tender van teruggawe van die Koen Trust se belang ingevolge die sessie-ooreenkoms.

[3] Die verweerders betwis hul aanspreeklikheid soos uiteengesit in die eisers se besonderhede van vordering. Hulle beweer dat die eisers die ooreenkomste gerepudieer het, maar erken dat hulle die repudiasie aanvaar het en dat die ooreenkomste dus geldiglik tot 'n einde gekom het. Wat die sessie-ooreenkoms betref erken hulle dat R987 068.63 terugbetaalbaar is aan die Koen Trust, maar hulle beweer dat terugbetaling slegs binne 'n redelike tyd terugbetaalbaar was, welke redelike tyd met verwysing na klousule 32 van die Smangaliso-trustakte (wat deur verwysing by die sessie-ooreenkoms ingelyf is) op twaalf maande neerkom. Ten opsigte van die ontwikkelingsooreenkoms erken hulle dat R76 483.98 terugbetaalbaar is. Tydens argument is ek meegedeel dat R1 063 552.60 op 31 Augustus 2007 aan die eisers terugbetaal is. Terugbetaling van die geld betaal as bedryfskoste word betwis op grond daarvan dat dit deel gevorm het van 'n gesamentlike bedryf van 'n besigheid vir wins en dat uitbetaling daarvan voor verrekening van alle kostes en inkomste vir die tydperk voor kansellasie voortydig is. Die bedrag hier ter sprake op die verweerders se bewerings is R101 446.50. Daarbenewens voer die verweerders aan dat die balans van die totale betaling deur die eisers gemaak, na aftrekking van voormelde bedrae, uitstaande en verskuldigde rente-betalings en ander nie-verhaalbare onkostes uitmaak.

[4] Die verweerders se argument ten opsigte van die kapitale betalings verskuldig na kansellasie van die sessie-ooreenkoms is nie oortuigend nie. Op hul weergawe het hulle die eisers se beweerde repudiasie aanvaar en daar is geen aanduiding in die stukke dat hulle op enige stadium aangedring het op die vasstelling van die uitstaande bedrag ingevolge die bepalings van klousule 32 van die Smangaliso-trustakte nie. Daardie klousule is op die oog af ook slegs van toepassing by konsensuele sessie van die trust-bevoordelings, nie by betwiste terugtrekking uit onderliggende sessie-

ooreenkomste nie. Gevolglik is ek van oordeel dat die eisers geregtig was op terugbetaling van die geld reeds betaal ingevolge die sessie-ooreenkoms na kansellasie daarvan op 16 Oktober 2006. Dieselfde geld vir terugbetaling van die ontwikkelingskostes: die verweerders se opponerende eedsverklarings openbaar nie enige ander basis waarom die ontwikkelingskostes nie by kansellasie terugbetaalbaar geword het nie. Daar is nie enige oorweging van verryking of ander regsgevolge wat die algemene beginsel van teruggawe van prestasie by kansellasie kan beïnvloed nie (vergelyk Christie, *The Law of Contract in South Africa*, 5e uitgawe, p.539).

[6] Dieselfde geld nie vir die bedryfskostes nie. Die eisers se eie saak soos uiteengesit in die dagvaarding is dat hierdie kostes deel was van die bedryf van 'n besigheid gerig op wins. Die kansellasie van hierdie ooreenkoms sal normaalweg beteken dat verrekening van onkostes en inkomste vir die tydperk van die bestaan van die besigheid sal moet plaasvind alvorens vasgestel kan word wat verskuldig mag wees aan die betrokke partye.

[7] Wat die terugbetaling van rente betref is ek van oordeel dat die verhoorhof beter in staat sal wees om te bepaal of die beweerde verdere ooreenkomste ten opsigte van die betaling van rente in stryd is met die skriftelike ooreenkomste al dan nie, en indien wel, of die beginsel van goeie trou of openbare beleid toelaat dat hulle afgedwing mag word. Op hierdie stadium openbaar sodanige ooreenkomste na my oordeel minstens 'n *bona fide* verweer.

[8] In die lig van die bevinding dat die verweerders minstens ten opsigte van die balans van die eisers se eis, te wete R190 289.89, verlof verkry om die saak verder te

19/09/2007 11:32 0466229966 HIGH COURT LIBRARY PAGE 01/01



bestry word die koste van die aansoek om summiere vonnis ook voorbehou vir beslegting in die hoofaksie.

[9] Die volgende bevel word uitgereik:

1. Summiere vonnis word teen die verweerders verleen as volg:
   1.1 - Teen die Middelfontein Trust vir betaling van rente op die bedrag van R750 000.00 teen die voorgeskrewe rentekoers bereken vanaf 16 Oktober 2006 tot en met 31 Augustus;
   1.2 – Teen die Middelfontein Trust, die Smangaliso Trust en die Thornhill Trust, gesamentlik en afsonderlik, die een te betaal die ander kwytgeskeld te word, die betaling van rente op die bedrag van R503 841.49 teen die voorgeskrewe rentekoers bereken vanaf 16 Oktober 2006 tot en met 31 Augustus 2007;

2. Die verweerders word verlof verleen om die eis vir die betaling van die balans van R190 288.89 te verdedig;

3. Die koste van hierdie aansoek, insluitend die koste verbonde aan die uitstel van die aansoek op 16 Augustus 2007, word voorbehou vir beslissing in die hoofaksie.

J.C. Froneman

Regter van die Hooggeregshof.